



PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld
10 Januarie 2021

Eerste Sondag ná Epifanie

Skrifgedeelte: Psalm 139

Tema: Wie is God vir jou?

Ons het elkeen 'n prentjie, of 'n idee, in ons kop oor God en hoe Hy is. Dié verstaan van God bepaal uiteindelik wat jy van Hom verwag of nie verwag nie, en hoe jy leef.

Program vir die week

Vandag:

- **Erediens** olv ds Jaco Thom
- **Deuroffer:** Jahweh

Volgende Sondag:

- **Erediens** olv ds Jaco Thom
- **Deuroffer:** Plaaslike behoeftige leerders

Allerlei

Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week wat voorlê. Baie geluk!
Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees.

- 11 Jan Maretha Du Toit
- 12 Jan Ina Prinsloo; Adeline Badenhorst
- 13 Jan Lilly Cloete
- 15 Jan Joanke Labuschagne



Kerkkalender 2021

Die kerkkalender vir 2021 is klaar gedruk, baie dankie Ds. Jaco vir al die moeite en tyd wat gespandeer is daaraan. Die kalender het baie mooi gekom en al die nodige inligting is saamgevat daarin. Die diakens sal elke wyk se kalender kry en dit uitdeel.

Biddende Hande

Gebede vir HERLEWING...

"U dade, HERE, maak dit 'n werklikheid in hierdie tye ..." Hab 3:2, Titus 2:11-14



'n Ware herlewing is niks anders nie as 'n revolusie, 'n uitwerping van die gees van die wêreld sodat die liefde van God in die hart kan seëvier – Andrew Murray

Vir die geestelik afvallige kerke van ons tyd is daar net een oplossing, en dit is herlewing. Voordat mense God sal gehoorsaam, moet hulle eers geestelik deeglik ontwaak. Slegs dan sal hulle teëwerkende kragte in hulle eie lewe kan oorkom. Herlewing is die hernuwing van die eerste liefde van Christene, en die gevolg hiervan is die ontwaking en bekering van sondaars. 'n Herlewing van die ware Christendom skud die kerk wakker, trek dit uit sy teruggevalle toestand op, laat alle groepe ontwaak en vestig die aandag weer duidelik op die eise van God. Herlewing berus op die veronderstelling dat die kerk in 'n besoedelde en teruggevalle toestand verkeer.- Charles Finney

Gebed: (Joël 2:17) Verterende Vuur, ons bely dat ons nie voor U huil vir die mense van ons land nie. Dit is waar wat die nasies van ons sê, "Waar is julle God?" Ons roep daagliks na U net vir ons persoonlike oorlewing en behoeftes. Vergewe ons asseblief, versag ons harte en spaar U volk, o Here! Laat ons erfenis – ons volk – nie meer 'n voorwerp van veragting en bespotting onder die nasies sal wees nie.

Sake vir gebed:

- Dank die Here vir die wonderlike reën. Bid vir boere vir wysheid en leiding deur die Heilige Gees in hierdie oestyd.
- Bid vir siekes: Marius Stander ... almal wat worstel met Covid-virus ... almal wat geliefdes verloor het.
- Bid vir Alex Watt en sy gesin. Sy pa is Donderdag aan Covid dood.
- Vir alle gesondheidswerkers.
- Die merk van die Matriekvraestelle die volgende 2 weke.
- Die Sopkombuis se nuwe staanplek en alle behoeftes daaraan verbonde.
- Herlewing in my eie hart.

<u>Leraar:</u>	Jaco Thom	084 523 1157	jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
<u>Kantoor:</u>	Madette Lombaard	053 574 0279	ngkpetrusburg@gmail.com
<u>Orrelis:</u>	Elmien Thom	084 562 3434	elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
<u>Koster:</u>	Annamarie Dercksen	072 499 4262	annamarie.dercksen@yahoo.com
<u>Webwerf</u>	www.ngkerkpetrusburg.co.za		facebook NG Kerk Petrusburg
<u>Kantoorure</u>	Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00		
<u>Bankrekening</u>	ABSA Tjekrekening 2610580001		